**<u>Sonsopkomsdiens:</u>** 03 April 2026
**<u>Leraar</u>:** Wouter van der Merwe
**<u>Tema:</u>** Goeie Vrydag

- **Johannes 3:14-15:** "**En net soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die Mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê."**
- **Johannes 12:32:** "**En Ek, as Ek van die aarde af verhoog is, sal almal na My toe trek."**

Net soos die Nehushtan in die woestyn verhoog is en genesing gebring het vir elkeen wat daarna kyk, so sal Jesus verhoog word en oorwinning bring!

Hierdie is die drie fases van Jesus se verheerliking en verhoging:

1. Sy "verhoging" was Sy kruisiging!
   Dit trek vandag nog alle mense na Hom. Sy genade en goedheid red ons (Rom. 2:4). Die sonde is oorwin!
2. Sy opstanding was 'n verhoging wat die dood oorwin het!
3. Sy opvaring na die hemel was die verhoging wat die oorwinnende Koning weer op die troon van die Vader laat sit.

So word ek en jy na Hom aangetrek:

- Na Sy **leë kruis**, want Hy het vir ons gesterf!
- Na Sy **leë graf**, want Hy is die Eerste wat die dood oorwin het!
- Na Sy **genadetroon**, want van daar af doen Hy voorspraak by die Vader vir elkeen van ons!

Laat ek en jy Hom verhoog deur ons lewens, sodat die wêreld na Hom aangetrek kan word!